

SONDAG 27 JULIE 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE: 1e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet	“Almal kom versterk uit sie erediens: sommige is geestelik versterk en ander is fisies uitgerus”	
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof	[verjaarsdae] LB200:1-3 “U goedheid Heer” HL143:1-3 “Bring my die ou-ou tyding”	LB200:1-3 HL143:1-3
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	HL 209:1-3 “Al my twyfel” (Eie sangboekie) LB518:1-2 “Voel jy soms” JR53:1-3 “U is Heer”	HL209:1-3 LB518:1-2 JR53:1-3
Ouderling	Gebedslys	LB278 & 279 “Hoor ons bid o Heer”	LB278 & 279
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	2 Kron 7:12-22	Skrif
Liturg	Preek	Herlewing: God se begeerte...	Skrif
Almal	Toewyding (Corrie)	(1-3) “Waai deur my”	**
Liturg	Genadeverkondiging		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Oom Blackie Tersia	Gelukwensing	Ds Reon & Ina verjaar	
Liturg	Seën	S-1 “Seenbede” (2x)	seenbede

LB199:1-3 “Loof die Here uit die Hemel”

SONDAG 27 JULIE 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE:2e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
KinderMG	Voorsang	Staan op en sê nou (24:1-3) Hy laat die sterre skitter (1-3) Hy's die Een (3x) JR51:1-5 "As ek soek" Dankie Heer, U het my gered (3x) Jesus what a wonder You are (2x) Ek aanbid U (2x)	staanop (1-3) hylaar (1-3) hysdieene (3x) JR51(1-5) dankie (3x) jesus / wonder (2x) hemelvad (2x)
Liturg	Welkom & groet	"Almal kom versterk uit sie erediens: sommige is geestelik versterk en ander is fisies uitgerus"	
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof	Eks so bly (2x) [Verjaardae] LB200:1-3 "U goedheid Heer"	ekssobly (2x) LB200:1-3
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	HL 209:1-3 "Al my twyfel" (Eie sangboekie) LB518:1-2 "Voel jy soms" LB53:1-3 "U is Heer"	HL209:1-3 LB518:1-2 LB53:1-3
Ouderling	Gebedslys	LB278 & 279 "Hoor ons bid o Heer"	LB278 & 279
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	2 Kron 7:12-22	Skrif
Liturg	Preek	Herlewing: God se begeerte...	Skrif
Almal	Toewyding (Tersia)	(1-3) "Waai deur my"	**
Liturg	Genadeverkondiging		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		"Afkondig"
Hannes	Lied	"Vuur uit die hemel" (1-3)	**
Liturg	Seën	S-1 "Seenbede" (2x)	seenbede

LB199:1-3 "Loof die Here uit die Hemel"

PREEKSKETS

INLEIDING

Mense praat baie keer van “herlewing”

- “Bid vir herlewing”
- “Daar het herlewing uitgebreek...”
- “Daardie gemeente het herleef...”
- “Jy moet kom kyk - daar en daar gebeur die dinge!”

Maar wat is herlewing?

- Toe ek klein was was daar ‘n oop veld naby aan ons huis.
- En elke nou en dan het daar ‘n reisende prediker gekom en ‘n groot tent daar opgeslaan.
- En aan die buitekant was daar ‘n groot banier: “herlewingsdienste elke aand om 19:00”
- En dan het die mense soontoe gegaan en daar gaan aanbid.
- En ek het altyd gedink dis wat herlewing is.
 - ‘n Klomp mense in ‘n groot tent.
 - Hande in die lug.
 - Besig om God te loof en te prys.
 - Mense wat vorentoe kom en gedoop word.
 - Mense wat in tale praat.
 - Mense wat ‘n intense geestelike belewenis het.
 - Dit moet herlewing wees.

Ek het al baie keer agter gekom dat baie lidmate ook hierdie prentjie van herlewing het.

- As ons ‘n band/ musiekgroep het...
- As ons baie instrumente het...
- As ons die mense so ver kry om hulle hande op te steek...
- As ons die mense sover kan kry om hande te klap as hulle vrolike liedere sing...
- Dan is daar herlewing.

Maar is dit regtig herlewing?

Maar wat beteken “herlewing”

- Letterlik: Dat iets wat nie meer geleef het nie, weer begin leef.
- Iets wat dood is begin te lewe.
 - Lasarus het herleef.
 - Jesus het herleef
- Een van die mooiste voorbeelde is seker die natuur self.
 - In die winter ryp alles dood.
 - Al die groen blare gaan weg (veral as die swartryp kom)
 - Die plant gaan letterlik dood.
 - Maar dan kom die eerste reën - en orals loop nuwe blaartjies uit.
 - Die plant herleef.
 - Iets wat eers geleef het - en toe dood gegaan het - begin weer om te leef.
- In Eseg 37 is daar ‘n mooi voorbeeld
 - Daar is ‘n vallei vol doodsbeendere.
 - Dit was lank terug ‘n slagveld.
 - Enige goeie dokter sal saamstem dat “hierdie ouens is dood”
 - In die kerk van die Here is daar ook sulke dooie mense.
 - Die bene steek al orals uit.
 - Morsdood.
 - En dan begin Esegïel profeteer vir hierdie dooie bene.

- Profeteer beteken nie om die toekoms te voorspel nie - dit beteken om die Woord van die Here te verkondig.
- En raai wat gebeur dan?
 - Die bene begin te beweeg.
 - En hulle beweeg na mekaar toe.
 - Kop en bene en voete en hande...
 - Totdat dit 'n menslike skelet is.
 - En dan kom daar skielik vleis oor al hierdie bene.
 - En 'n vel.
 - Sodat almal nie jou spiere kan sien nie.
 - Maar hulle is nogsteeds dood.
 - En dan blaas die Heilige Gees asem / nuwe lewe in hierdie dooie mense.
 - En die volgende oomblik begin hulle weer te lewe.
- Dis herlewing.
- Wanneer iemand wat dood was weer begin lewe.
- Omdat God hom lewend gemaak het.

Herlewing het dus niks te doen met...

- ...'n band
- of 'n mooi preek...
- of spreek in tale...
- of met vol kerke nie

Herlewing het te doen met iemand wat dood was en weer begin lewe.

Iemand wat dood was en deur God se Gees weer lewend gemaak is.

WANT dis wat die Heilige Gees doen.

- Kan ek vir jou een van die mooiste voorbeelde in die hele Bybel wys?
- Luk 15 - die verlore seun.
- Hy was morsdood.
- Ja, hy het nog asem gehad.
 - ...en 'n hartklop
 - ...en bringolwe
 - en aan die buitekant het hy nog gelewe.
- Maar binnekant was hy morsdood
 - hy't sy rug op sy pa gedraai...
 - hy het al sy geld gaan uitmors op prostitute ...
 - Ja, geestelik was hy reeds dood
 - **Sonde maak 'n mens geestelik dood.**
- Maar eendag, terwyl hy in die varkhok gesit het, het die Gees van die Here deur hom gewaai en hom lewend gemaak.
 - En hy het net daar opgestaan en teruggegaan na sy pa toe.
 - Luister wat sê die pa as die kind by die huis kom:
 - “Hierdie broer van jou was dood, maar hy lewe weer, hy was verlore, maar ons het hom teruggevind.” (Luk 15:32)
 - Dis herlewing.
 - Dat iemand wat dood was, weer begin lewe.
 - **Dat iemand wat geestelik doodgegaan het agv sonde, weer lewend gemaak word.**

Ons praat vanoggend oor hierdie herlewing.

Die tempel

Ons het vanoggend geles uit 2 Kronieke.

Die boek 2 Kronieke handel oor Koning Salomo.

- Hy het vir Dawid opgevolg as koning
- En hy was baie ryk. (2 Kron 1:14 ev)
 - Jaarlikse inkomste van 23 ton goud (2 Kron 9:13)
 - So 'n bietjie meer as ons president s'n - ek dink syne is net 22 ton goud!
 - Al sy koppies en borde was van goud (9:20)
- En hy het baie mag gehad.
 - Hy het vir hom 'n groot ivoortroon gebou
 - Met leeus aan albei kante.
 - Elke oggend het hy tussen die leeus deur gestap en op sy troon gaan sit.
- En hy was baie slim
 - Van oral af het die konings gekom om hom te ontmoet.
 - As hy vandag gelewe het was hy tien teen een die voorsitter van die OAE.
 - En hy sou heel moontlik met sy private straler rondgevlieg het en al die lande se probleme opgelos het.
 - En hy sou tien teen een die nobelprys vir wysheid ontvang het.
 - Want hy was 'n uitsonderlike mens.
- Maar hy het ook baie probleme gehad:
 - Want hy kon 'n uitlandse vrou net nie uitlos nie (1 Kon 11:1)
 - En daarom het hy 700 vroue uit vorstelike families gehad (1 Kon 11:3)
 - En nog 300 byvroue.
 - 1000 vroue in totaal.
 - Maar die slegte nuus: as jy 1000 vroue het het jy ook 'n 1000 skoonma's.
- En daarom het Salomo geweet wat probleme is.

Maar Salomo het iets gedoen waarvoor ons hom altyd sal onthou.

- Hy het die eerste tempel in Jerusalem gebou.
- Dit was 'n indrukwekkende gebou.
- Dit was net die beste vir die Here.
- Al die nasies het gepraat van hierdie tempel.

En vir die volk was dit iets groots.

- Dit was die plek waar hulle die Here ontmoet het.
- Dit was vir hulle 'n teken dat die Here by hulle was.

Ja, die tempel was iets fenominaal.

- Dit word beskryf in 1 Konings 6
- Die hele tempel is gebou met gekapte klip (6:7)
- Daarna is die hele binnekantse mure bedek met sederplanke.
- Daarna is die heilige en allerheiligste met goud oorgetrek (6:20-21)
- Daar was gerubs wat met goud oorgetrek was.
- Dit was net die beste vir die Here.
- En elkeen het presies geweet wat hy moes doen:
 - Aaron se seuns het die offers gedoen.
 - Daar was wagte wat elke oggend die tempel moes oopsluit.
 - Ander moes sorg vir die tempelgereedskap.
 - Ander vir die voorrade. (1 Kron 9:26)
 - Sommige families was verantwoordelik vir die tempelsang (1 Kron 9:33)

M.a.w: alles by die tempel was in plek.

- Dit het goed gegaan by die kerk.
- Die lofprysing was in plek.
 - Daar was duisende ouens wat dit moes doen.
- Die simboliek was in plek.
- Daar was duisende mense betrokke.

Wat 'n gemeente!

Maar nou sê die Here iets snaaks in 2 Kron 7:14

- Hy sê: As die dinge begin skeefloop in julle lewens, en die oeste begin misluk, en die sprinkane vreet alles op...
- Moenie dan vir julle 'n ander kerk gaan soek nie
 - Begin by die sonde in jou lewe.
 - Begin by berou.
 - En bid (bely)
 - En Vra na die Here se wil
 - En draai weg van die verkeerde dinge af...

Dan sal Ek uitkoms gee.

Weet julle wat val my op?

- Dat 'n mens die perfekte kerk kan hê...
- Oorgetrek met suiwer goud.
- 'n Indrukwekkende offerdiens.
- Duisende tempelsangers en voorsangers.
- Mense wat kom en gaan.
- En elkeen is op sy pos.
- En mense kom van alle lande af om te kom kyk na jou indrukwekkende kerk.
- En almal praat met lof van jou kerk.

Maar dat daar 'n dag kan kom wat God Sy oor wegdraai a.g.v die sonde in mense se lewens.

- Die ou mense het gesê: Bo blink en onder stink.
- Buite kan alles mooi wees, terwyl dit binnekant doodgaan.
- Want sonde maak dood.

En nou praat die Here met Salomo en Hy sê:

As die dinge begin skeefloop...

- Moenie nog meer tempelsangers aanstel nie...
- Moenie net nog meer diere gaan offer nie....
- Nie nog meer goud in die tempel nie...

Nee, as die dinge skeefloop, gaan terug na die sonde in jou lewe:

- Berou
- Bid
- Vra na die Here se wil
- Wegdraai van die verkeerde dinge af.

Moenie herlewing gaan soek in 'n ander kerk nie.

- Gaan soek dit in jou binnekamer.
- Ek het agtergekom: Ons verwar twee goed met mekaar.
- Ons verwar belewenis met herlewing.
- Jy kan rondspring van kerk na kerk...
- Jy sal nie herlewing kry nie.
- Wat jy sal kry is 'n sekere belewenis van God (en dis wonderlik!!)
- Dis belangrik om God te beleef in die kerk.
- Maar dis nie herlewing nie.
- Herlewing gebeur in jou binnekamer.
 - berou: hartseer is oor jou sonde
 - bid: skuld bely
 - vra na Sy wil: Soek na God se antwoorde in Sy Woord
 - terugdraai: ophou met dit wat verkeerd is...

Dis herlewing

- Wanneer iemand wat dood was agv sonde weer begin lewe.

Herlewing

Die kerk het so 'n herlewing dringend nodig.

- Nie goud nie
- Nie nog meer tempelsangers nie
- Nie nog meer offers nie

Maar mense wat deur God aangeraak is

- Mense wat berou het oor die verkeerde dinge
- Mense wat elke dag bid en vra na God se wil
- Mense wat wegdraai van die verkeerde dinge af.

Ek loop nou die dag iemand raak wat uit die gemeente gegaan het.

- En wat altyd alles gekritiseer het.
- En toe na een van groot, ryk, snelgroeiende gemeentes in die dorp gegaan het.
- Omdat Suid nie geestelik goed genoeg was vir hom nie.
- En hy vertel my van die herlewing wat daar in hulle kerk is.
- En die selgroepe.
- En die baie besoekers by die eredienste.
- Maar weet julle wat val my op?
 - Hy self het nog niks verander nie.
 - Hy dink herlewing is iets daar buitekant.
 - Hy dink herlewing is groot kerke en baie mense.
- Die slegte nuus: herlewing is nie iets daar buitekant nie
- Jy kan dit nie iewers in 'n kerk gaan kry nie.
 - Dis iets wat binne-in jou gebeur.
 - Wanneer die Heilige Gees jou oortuig van sonde.
 - En jy jou eie sonde voor die Here bely.
 - Want op daardie oomblik begin iemand wat dood was, weer te lewe.
 - Dis herlewing.

Herlewing vind plaas wanneer iemand deur die Here oortuig word van sonde.

- En hy bely sy sonde voor die Here.
- En hy breek met die sonde.

Vriende, ons het mak geraak vir sonde:

- Ons hoor elke sondag die Woord van die Here maar ons verander nie.
- Dit was vir my in die afgelope week weer skokkend om te sien hoeveel van ons kinders se ouers vandag saam met iemand anders woon.
 - Hulle is geskei.
 - Of een huweliksmaat is oorlede.
 - En nou woon hulle saam. - soos man en vrou.
 - Maar hulle is nie getroud nie.
 - Dis verkeerd.
 - Dis sonde.
 - En sonde maak dood.
 - Dit sal jou geestelik dood maak - want elke aand as jy in die bed klim weet jy dis verkeerd..
- Dis vir my skokkend om te hoor in hoeveel huise drank 'n prominente rol speel.
 - Pa's wat elke middag met 'n drankasem by die huis kom.
 - Mans wat gedrink het en dan hulle vrouens slaan.
 - Tieners wat hulleself vergryp aan drank.

- Ek hoor van tieners in ons gemeente wat in die middel van die nag by drinkplekke uithang:
 - Tieners wat nou die dag belydenis van geloof afgelê het.
 - Wat hier voor almal gesê het: ek wil vir die Here leef.
- Vriende: drankmisbruik is sonde.
- God haat dit.
- Dis vir Hom nie net 'n bietjie lelik nie: dis vir Hom afskuwelik.

Ek gesels nou die dag met 'n inspekteur in die polisiemag.

- Terwyl ek by hom staan dik ek by myself: hierdie ou het 'n drankprobleem.
- Rooi oë, gebartse aartjies in die wange - al die tekens.
- 'n Paar minute later vertel hy uit sy eie vir my sy verhaal.
- Hy was 'n volslae alkoholis.
- Hy het sy vrou verloor agv drank.
- En 9 jaar gelede het hy een oggend wakker geword nadat hy die vorige aand weer goed gedrink het.
- En daai oggend staan hy voor die spieël en kyk vir homself.
- En net daar besluit hy om met die Here se krag op te hou drink.
- Dis vandag 9 jaar later - en hy is steeds nugter.

Dis herlewing.

Iemand wat dood was van die sonde lewe weer.

Weet julle hoe werk kanker?

- Kanker begin by een klein selletjie.
- En as daai selletjie nie gou genoeg stop nie, dan versprei hy soos 'n veldbrand.
- En hy maak die hele liggaam siek.
- En 'n mens gaan dood daarvan.
- Sonde is dieselfde: As jy daai klein selletjie toelaat, word hy groter en groter en hy neem die hele liggaam oor.
- En as jy nie betyds keer nie, kan dit jou lewe kos.

MAAR, sê die Here

- As my volk berou toon,
- en bid,
- en vra na my Wil,
- en terugdraai van hulle verkeerde weë af, sal Ek hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Daar is nie 'n enkele sonde wat vanoggend te groot is om vergewe te word nie.

- Hy het reeds gesterf vir jou sonde.
- Hy het klaar jou prys betaal.
- En Hy is vandag vir jou nog liewer as ooit.
- Gaan maak vandag reg

Mag daar in ons gemeente werklike herlewing kom.

Mag daar in die NG Kerk herlewing kom.

Mag daar in al die christelike kerke regoor die wêreld herlewing kom.

- dat pa's wat die verkeerde pad gekies het, terugkom na hulle huise
- dat kinders wat op die breë pad beland het, weer terugdraai na die smal pad
- dat tieners en jong volwassenes wat iewers in 'n varkhok beland het, opstaan en huis toe gaan
- dat ma's wat uit desperaatheid maar verkeerde dinge toelaat, sal terugkom na die Woord van die Here.

[Verhaal]